higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Tweede vraestel)

NKR VLAK 3

(4101053)

14 November 2023 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye,
een bylaag van 2 bladsye, en een bylaag van 1 bladsy.

037Q2N2314

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL (TWEEDE VRAESTEL)
NKR VLAK 3
TYD: 2 ½ UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings:

   ONDERWERP: SKRYF EN AANBIED

AFDELING A: VERSLAG	[50]
AFDELING B: VERGADERINGS	[30]
AFDELING C: FUNKSIONELE SKRYFWERK	[20]

2. Beantwoord EEN van die TWEE vrae in Afdeling A.
   Beantwoord AL TWEE vrae in Afdeling B.
   Beantwoord EEN van die TWEE vrae in Afdeling C.

AFDELING A	Beantwoord **EEN** van die **TWEE** vrae.
AFDELING B	Beantwoord **AL TWEE** vrae.
AFDELING C	Beantwoord **EEN** van die **TWEE** vrae.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur. Let op die keusevrae.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Beplan, redigeer en proeflees jou skryfstukke. Die beplanning moet VOOR die skryfstuk wees. Dui alle beplanning duidelik aan. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

6. Laat 'n reël oop tussen antwoorde.

7. Begin elke afdeling se antwoorde op 'n NUWE bladsy.

8. Beantwoord VRAAG 1 op BYLAAG A. Beantwoord VRAAG 5 op BYLAAG B. Skryf jou EKSAMENNOMMER op die BYLAE, en gee dit saam met die ANTWOORDBOEK in.

9. Let op na die puntetoekenning by elke vraag en beplan jou tyd daarvolgens.

10. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AGTERGROND VIR AL DIE VRAE IN HIERDIE VRAESTEL

Jy is ’n vlak 3-student by die Hoop Kollege in George. Die dorp George bied elke jaar ’n plaaslike skou aan waar talle van die dorp se organisasies kom uitstal. Die Hoop Kollege stal ook elke jaar by hierdie skou uit om al die verskillende studierigtings en aktiwiteite aan die gemeenskap bekend te stel.

Jy is die sekretaris van die komitee wat die stalletjie en uitstalling moet beplan en oprig.

Hierdie skou vind vanjaar op 15 Augustus by die George-skougrond plaas. Die tema van die Kollege se uitstalling is “Ons help jou bou aan jou toekoms”.

Hierdie agtergrond is op **AL** die vrae in hierdie vraestel van toepassing.

ONDERWERP: SKRYF EN AANBIED

AFDELING A: VERSLAG

Kies **EEN** van die **TWEE** vrae uit AFDELING A. Skryf 150–250 woorde daaroor.

VRAAG 1: BESKRYWENDE VERSLAG

Die komitee begin op 12 Augustus die stalletjie en uitstalling by die George-skougrond voorberei. Die tema vir die Kollege se uitstalling is “Ons help jou bou aan jou toekoms.” Die studente moet die stalletjie waarin die uitstalling is met houtpale en lap bou. Clinton Berends, ’n vlak 3-student, moes die houtpale met 'n elektriese saag sny toe hy sy balans verloor en met die saag ’n diep sny in sy regterbobeen sny.

Clinton het hard gegil en die saag neergegooi. Hy het met sy hande die wond probeer toedruk. Daar was ’n diep sny in sy bobeen en die bloed het vrylik daaruit gevloei. Hy het begin bewe en het bleek geraak van die bloedverlies. Hy kon nie opstaan of sy been gebruik nie.

Een van die studente het langs hom gaan sit en saggies met hom gepraat. Jy het met ’n tafeldoek die wond probeer toedruk om bloedverlies te voorkom. Die voorsitter van die komitee het dadelik die kampushoof en die ambulans geskakel. Die ambulans was binne 5 minute op die toneel en het Clinton na die naaste hospitaal in George geneem.

SITUASIE

By sy aankoms is hy dadelik deur die dokter by ongevalle ondersoek en hulle het dadelik vir hom bloed gegee. Hy het 10 steke in sy been gekry. Hulle het ook sy wond verbind en vir hom ’n klem-in-die-kaak-inspuiting gegee. Die dokter het hom opgeneem om die nag daar te bly.

Die kampushoof het jou na die voorval versoek om ’n ongeluksverslag vir haar op te stel omdat jy die sekretaris is en die ongeluk sien gebeur het.

Kopiereg voorbehou

OPDRAG

Gebruik BYLAAG A om die ONGELUKSVERSLAG (150–250 woorde) te skryf. Onthou om jou EKSAMENNOMMER op BYLAAG A in te vul. Gee dit saam met die ANTWOORDBOEK in. **[50]**

OF

VRAAG 2: VORDERINGSVERSLAG

Dit is die begin van Augustus en die hele dorp en die personeel en studente van die Kollege is baie opgewonde oor die skou en die Kollege se stalletjie. Almal is besig om die finale afrondings te doen.

Die kampushoof het jou as sekretaris van die komitee versoek om TWEE weke voor die loopbaanuitstalling 'n vorderingsverslag aan haar voor te lê sodat sy kan monitor watter take reeds afgehandel is, met watter take die komitee tans besig is en watter take nog afgehandel moet word.

OPDRAG

As jy hierdie vraag gekies het, skryf die antwoord in jou ANTWOORDBOEK.

Skryf 'n VORDERINGSVERSLAG (150–250 woorde) aan die kampushoof. Die volgende **OPSKRIFTE** en **INLIGTING** moet daarin vervat wees:

- 'n Inleidende paragraaf met die agtergrond soos die datum en plek van die skou
- Die volledige doel van die verslag
- TWEE take wat reeds voltooi is – wees kreatief en dink iets ouliks uit
- DRIE take waarmee die komitee tans besig is – wees kreatief en dink iets ouliks uit
- DRIE take wat nog afgehandel moet word – wees kreatief en dink iets ouliks uit
- 'n Slotparagraaf waarin jy jou vordering evalueer
- 'n Gepaste OPSKRIF
- Jou handtekening onder aan die verslag **[50]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: LANG FUNKSIONELE SKRYFWERK

Doen **AL TWEE** vrae in AFDELING B. Skryf 120–150 woorde oor elk.

VRAAG 3: KENNISGEWING EN AGENDA VAN VERGADERINGS

SITUASIE

Die kampushoof wil graag die oprigting van die stalletjie by die komende skou in George in detail bespreek en roep 'n komiteevergadering met die lede van die komitee byeen. By hierdie vergadering gaan twee sake uit die vorige notule bespreek word, nl. die aankoop van die houtpale vir die stalletjie en die druk van baniere. Nuwe sake is: toesigrooster vir die dosente by die stalletjie, uitdeel van brosjures tydens die skou en kospakkies vir personeel wat aan diens gaan wees.

Die vergadering gaan om 10:00 op Woensdag 2 Augustus 2022 by die George-skougrond se saal plaasvind.

Jy is die sekretaris en moet die kennisgewing en agenda uitstuur.

OPDRAG

Skryf die KENNISGEWING en AGENDA (60–75 woorde) vir hierdie komiteevergadering volledig uit. Gebruik die formaat soos aan jou onderrig. Jy hoef dit nie in 'n formaat van 'n briefhoof of memorandum te skryf nie, maar begin direk met die OPSKRIF van die kennisgewing. **[20]**

EN

VRAAG 4: NOTULE

GEBRUIK DIE SITUASIE IN VRAAG 3 AS AGTERGROND.

SITUASIE

Die vergadering oor die skou en Kollege se stalletjie het op 2 Augustus 2022 plaasgevind. Die sekretaris het die volgende notule geskryf. Voltooi die notule deur die inligting langs die vraagnommer (4.1–4.10) in jou ANTWOORDBOEK neer te skryf.

NOTULE VAN KOMITEEVERGADERING VIR DIE STALLETJIE BY DIE GEORGE SKOU SOOS GEHOU om 10:00 OP WOENSDAG 2 AUGUSTUS 2022 OM BY DIE GEORGE-SKOUGROND

1. (4.1 ...)

   Die voorsitter open die vergadering en heet almal welkom.

2. Bywoningsregister

   Al 14 personeellede woon die vergadering by.

3. (4.2 ...)

   Geen.

4. (4.3 ...)

   Die notule van die vorige vergadering word as gelees beskou, goedgekeur en geteken.

   (4.4 ...): Sarie Slabber

   Sekondant: Melton Petersen

5. (4.5 ...)

   5.1 (4.6 ...) Dit is afgehandel en is reeds by die skougrond afgelaai.

   5.2 Druk van baniere. Dit sal 5 Augustus by die drukkers gereed wees.

6. (4.7 ...)

   6.1 Toesigrooster vir personeel. Dit is reeds opgestel en gereed vir verspreiding.

   6.2 (4.8 ...) Hierdie verantwoordelikheid gaan tydens die skou aan vlak 3-studente oorgegee word.

   6.3 Kospakkies. Dit sal tydens die toesig by die skougrond uitgedeel word.

7. (4.9 ...)

   Geen.

8. Datum van die volgende vergadering. Dit sal op 15 Augustus 2022 by die skougrond plaasvind.

9. (4.10 ...) om 13:00.

[10]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK

Kies **EEN** van die **TWEE** vrae uit AFDELING C en skryf 80–100 woorde daaroor.

VRAAG 5: TELEFOONBOODSKAP

OPDRAG

Dit is 14:15 op 3 Augustus. Terwyl die komitee wat vir die stalletjie verantwoordelik is in 'n vergadering besig is, lui die telefoon in die voorsitter, Paul Isaacs, se kantoor. Dit is Marie Bosman van George Drukkers wat skakel om met die voorsitter te praat. Jy neem 'n telefoonboodskap vir Paul Isaacs.

Marie Bosman wil Paul Isaacs inlig dat die baniere vir die skou nie al op 5 Augustus gereed sal wees nie. Sy vra om verskoning vir die feit dat die baniere eers op 8 Augustus gereed sal wees. Een van hul ontwerpers se kind is oorlede en George Drukkers gaan vir 2 dae sluit uit respek en medelye met hul kollega. Sy belowe egter dat sy persoonlik die ontwerp sal afhandel en toesien dat hierdie baniere op 7 Augustus gedruk word. Om te vergoed vir hierdie vertraging, sal George Drukkers 20% afslag by die oorspronklike kwotasie gee. Indien Paul Isaacs meer te wete wil kom, kan hy haar gerus terugskakel.

Skryf hierdie antwoord op BYLAAG B (telefoonboodskap) wat by hierdie vraestel aangeheg is. Onthou om jou EKSAMENNOMMER op BYLAAG B in te vul en gee dit saam met die ANTWOORDBOEK in. **[20]**

OF

VRAAG 6: SIERADVERTENSIE

OPDRAG

As jy hierdie vraag kies, beantwoord dit in jou ANTWOORDBOEK.

Ontwerp ’n A4-SIERADVERTENSIE (80–100 woorde) wat in die George-skou se skoukoerant geplaas kan word. Lig die studente in oor die komende skou asook die betrokkenheid van die Kollege by hierdie skou. Moedig die studente aan om die skou en die Kollege se stalletjie te kom besoek. Die skou gaan vanaf 15 tot 18 Augustus duur. Indien studente hul studentekaart by die hekke vertoon, kry hulle gratis toegang.

- ✓ Hou die ABBA-beginsel in gedagte wanneer jy die advertensie ontwerp.
- ✓ Trek aandag met ’n toepaslike opskrif.
- ✓ Gee die datum en plek van die skou.
- ✓ Verwys na die betrokkenheid van die Kollege by die skou.
- ✓ Lig die studente in oor die vertoning van studentekaarte by die hekke.
- ✓ Verwys na enige TWEE aktiwiteite wat daar gaan plaasvind, byvoorbeeld speletjies.
- ✓ Onthou ook om ’n kontakpersoon en kontakbesonderhede te verskaf. **[20]**

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

BYLAAG A **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

AFDELING A: VERSLAG (150–250 woorde)

VRAAG 1: BESKRYWENDE VERSLAG

ONGELUKSVERSLAG				
Naam van beseerde persoon		**Datum van ongeluk**		(2)
Hoedanigheid van beseerde		**Tyd van ongeluk**		(2)
Afdeling/ Departement		**Plek van ongeluk**		(2)
Beskrywing van ongeluk en stappe daarna	_____ _____			(25)

BYLAAG A (vervolg) **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

Uitslag van mediese ondersoek	_____ _____ _____ _____ _____ _____ _____ _____ _____ _____ _____ _____ _____ _____			(8)
Naam van opsteller		**Pos/rang/amp van opsteller**		(2)
Handtekening van opsteller		**Datum**		(2)
				[50]

ONTHOU OM DIE BYLAAG SAAM MET DIE ANTWOORDBOEK IN TE GEE.

Kopiereg voorbehou

BYLAAG B **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

AFDELING C: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK (80–100 woorde)

VRAAG 5: TELEFOONBOODSKAP

TELEFOONBOODSKAP

Aan: _____ Van: _____

Firma: _____ Tel.: _____

Datum: _____ Tyd: _____

Boodskap: _____

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Geneem deur: _____

[20]

ONTHOU OM DIE BYLAAG SAAM MET JOU ANTWOORDBOEK IN TE GEE.

Kopiereg voorbehou